

**Maandag 27 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 8**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 8:1, 2, 6, 11**

**Deur Christus vernuwe om God te ken**

Die tabernakel was 'n tent wat tydens Israel se woestynreis vanuit Egipte na Kanaän gebruik was as 'n "aanbiddingsplek" waar die priesters diens verrig het. Dit was 'n verteenwoordiging van God se teenwoordigheid by Israel, maar veral van God se verbintenis (verbond) met die volk. God het nie 'n tabernakel of enigiets anders nodig om tussen hulle te kon woon of om aanbid te word nie. Hy weet egter dat Israel dit wél nodig het. Weens hulle sondes het hulle 'n fisiese voorstelling en praktiese wyse van aanbidding nodig om te verstaan hoe hulle in 'n noue gemeenskap met God moet lewe (vs 3, 5).

Tog was hierdie voorstelling en wyse van aanbidding nie onberispelik (foutloos) nie (vs 7, 8), juis omdat ons as sondaarmense dit nie volmaak kan uitoefen soos God dit vereis nie (vs 9). Daarom het God ook die reg om hierdie verbond (verbintenis) en gemeenskap met ons te verbreek (vs 9b). Maar deur sy genade alleen besluit Hy om ons ongeregthede en sondes te vergewe (vs 12). Hy kan ons vergewe omdat Jesus Christus as die ware ewige Hoëpriester (vs 1, 2) en Middelaar (vs 6) toegesien het dat God se strafbepalings vir ons sondes uitgeoefen word deur Homself in ons plek as offer te gee.

Die voorstelling van die tabernakel en die priesters se offers word deur Jesus Christus se volmaakte offer 'n werklikheid in die hemel. Deur die Heilige Gees leer God ons nou om Hom deur sy Woord REG te ken (vs 10, 11), sodat ons nie bloot maar deur middel van tydelike voorstellings Hom aanbid nie, maar deur Christus en die Heilige Gees Hom in waarheid aanbid (Joh. 4:24) en binne 'n nuwe verbintenis en gemeenskap (verbond) met Hom kan leef (vs 8, 13).

*Sing: Skrifberyming 8-1:1 (14:1)*

*Ds. J Dunn (Johan) (Keetmanshoop/Mariental)*